

2010

ONS WANFUNKSIONELE LAND

Sampie Terreblanche

Suid-Afrika is vir baie mense 'n wonderlike land. Vir my ook. Maar as 'n mens uit die perspektief van die totale Suid-Afrikaanse bevolking na ons land kyk, dan besef mens dat dit gedurende die afgelope 120 jaar vir die meerderheid 'n harde en genadelose land was.

Suid-Afrika het sedert die goudrevolusie van 1886 nog nooit oor 'n politiek-ekonomiese stelsel beskik wat die skerp belangebotsings wat nog altyd tussen die duidelik gedefinieerde rasse- en etniese-groepe bestaan het, op 'n vreedsame wyse uit die weg kon ruim nie. Ons politiek-ekonomiese stelsels was nog altyd wanfunksioneel en op asimmetriese magsverhoudings gebaseer.

Ons kan die geskiedenis van Suid-Afrika sedert die goudrevolusie (1886) in vyf politiek-ekonomiese tydperke indeel:

Eerstens, die tydperk van Brits/Engelse oorheersing van 1886 tot 1924 toe die Afrikaners aan 'n imperialistiese oorlog onderwerp is en drakoniese uitbuitingswette ter wille van die goudmyne op Afrikane van toepassing gemaak is.

Tweedens, die tydperk van 1924 tot 1948 toe daar (redelik onsuksesvol) met verskeie koalisie-regerings gepoog is om die vyandigheid tussen die twee blanke groepe uit die weg te ruim, terwyl die swartbelange verwaarloos is.

Derdens, die tydperk van 1948 tot 1974 toe die NP-regering die politiek oorheers het, toe die Afrikaners tot middelklas status gevorder het en toe die stroewe toepassing van apartheid tot 'n sorgwekkende verarming van die Afrikane gelei het.

Vierdens, die tydperk van 1974 tot 1994 toe die Struggle teen blanke oorheersing plaasgevind het en tot stagflasië en kruipende armoede gelei het waardeur alle Suid-Afrikaners – behalwe die boonste 30% van die swartes – armer geword het.

Vyfdens, die tydperk sedert 1994 toe die politieke mag na die ANC-elite geskuif het en toe verskeie nuwe kapitalistiese magsgroepeerings en 'n nuwe swart-elite (van meer as 6 miljoen mense) op die toneel verskyn het. Ná 16 jaar in die nuwe bedeling blyk dit dat ons nuwe politiek-ekonomiese bedeling ook wanfunksioneel en ook immoreel is soos wat sy voorgangers was.

*

Gedurende die tydperk van Britse/Engelse oorheersing (1886-1924) was die belangebotsing tussen die Britse/Engelse en die Afrikaners (van die noordelike "provinsies") so volledig onversoenbaar dat dit op die Anglo Boere-oorlog (ABO) uitgeloop het. Die ABO was die grootste ramp wat Suid-Afrika nog getref het. Brittanje het die twee Boere Republieke totaal verpletter. Die ABO was 'n soort "aardbewing" wat enorme materiële en psigologiese skade aan die land en aan groepsverhoudings berokken het.

Gedurende die "koalisietydperk" (1924-1948) het die samewerkingspogings tussen die twee blanke setlaarsgroepe tot groot politieke dramas gelei. Blanke belange is in hierdie tydperk deur diskriminerende wette beskerm, terwyl die "goud bonanza" (1932/33) en die stimulus van die Tweede Wêreldoorlog ook die blankes bevoordeel het. Die reële inkome van al die swart groepe het marginaal gestyg, maar vanaf 'n baie lae vlak.

Gedurende die hoogty van Afrikaner politieke oorheersing en apartheid (1948-1974) het die inkome van die blankes verdubbel, terwyl dié van die Afrikaners waarskynlik byna verdriedubbel het. Maar vanweë apartheid het Afrikane se per capita inkome van 8,9% van dié van die blankes in 1946 na 6,8% in 1970 gedaal!

Gedurende die Struggle tydperk (1974-1994) het die belange-botsing tussen die blanke en swart bevolkingsgroepe so onversoenbaar geword dat dit tot 'n lae-intensiteit "oorlog" gelei het. Hierdie "oorlog" het ook enorme ekonomiese en psigologiese skade berokken. Suid-Afrikaners se per capita inkome het as 'n persentasie van dié van die Westerse lande met 'n kwart gedaal. Die ernstige probleem-kompleks van swart Armoede, Werkloosheid en Ongelykheid (die AWO-probleem) - waarmee Suid-Afrika vandag worstel - het vanaf 1974 met mening na vore getree. Die NP-establishment hom in hierdie tydperk toenemend aan korrupsie skuldig gemaak.

Toe die oorgang na die "demokratiese" bestel in 1994 plaasgevind het, was daar in baie kringe hoë verwagtings dat Suid-Afrika uiteindelik sy donker verlede van ras-gebaseerde en immorele politiek-ekonomiese stelsels sou afskud en 'n bestel sou vestig wat op 'n redelik billike wyse soisaal-ekonomiese geregtigheid aan al die bevolkingsgroepe sou verskaf.

Suid-Afrika is reeds 16 jaar in die nuwe bedeling. Dit is onteenseglik duidelik dat die post-apartheid bedeling ook wanfunksioneel en immoreel is. My erkenning van die ernstige gevare wat die post-apartheid bestel deesdae inhou, impliseer nie dat die oorgang van 1994 nie moes plaasgevind het nie. Inteendeel, die noodsaaklikheid dat ons van die rasgebaseerde en immorele bestel ontslae moes raak, kan nie bevraagteken word nie. Dit moes net veel vroeër gebeur het.

Die nuwe politieke bedeling is wanfunksioneel omdat sowel die kapitalistiese ekonomie as die demokratiese politiek – en die wisselwerking tussen die twee – nie so "gevorm" en so "geraaf" is dat die AWO-probleem enigsins versag kan word nie.

Die kapitalistiese ekonomie is te eng, te kapitaal-intensief, te neoliberal en te globaal georiënteerd en ook te oligopolisties georganiseer, terwyl die politieke bestel te ondemokraties, te ondoeltreffend en hopeloos te korrup is. Boonop beskik 'n groot deel van die ekonomiese elite oor te veel bedingingsmag, is hulle te Eerste Wêreldgeoriënteerd en staan hulle te onverskillig teenoor Suid-Afrika se Derde Wêreld werklikheid. Hierteenoor het die ANC-elite te min bedingingsmag, is 'n groot

deel van hulle hopeloos te ondoeltreffend, hopeloos te ongedissiplineerd, erg gekorrupteer en leef hulle skandalig uitspattig – veral as die erge armoede van die armsle helfte van die bevolking in ag geneem word.

*

Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse ekonomie "oorbevolk" geraak met verskeie kapitalistiese formasies wat almal by die "magspel" op die markplein betrokke is. Ons kan vier kapitalistiese formasies onderskei:

Eerstens, die blanke (of apartheids) kapitalistiese formasie wat sy fisiese eiendom, sy menslike kapitaal en sy organisatoriese vermoëns gedurende – en danksy – die apartheidseeu van onreg geakkumuleer het. Danksy die elite ooreenkoms wat in November 1993 tussen die korporatiewe sektor en 'n leierskorps van die ANC aangegaan is, het die blanke kapitalistiese formasie 'n vriendelike oorgang na die nuwe bedeling gehad. Dit wil ongelukkig voorkom asof die blanke korporatiewe sektor nie bewus is van die morele verantwoordelikheid wat hierdie "vriendelike oorgang" op sy skouers plaas ten opsigte van die AWO-probleem nie.

Die tweede kapitalistiese formasie wat vandag in die ekonomiese sektor oppereer, is die swart-elite kapitalisme. Hierdie formasie is op 'n erg kunsmatige en selfs twyfelagtige wyse deur die ANC-regering se Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram (SEB) geskep. Hierdie swart-elite kapitalisme omsluit ook die reusagtige openbare korporasies wat as't ware deur die ANC-elite oorgeneem is ter wille van swartbemagtiging.

Dit was na 1994 nodig om 'n swart-elite kapitalistiese formasie te skep. Maar die wyse waarop hierdie formasie geskep is en die kultuur van skaamtelose plundering wat die uitstaande kenmerk daarvan geword het, het 'n "kwaadaardige gewas" in die Suid-Afrikaanse ekonomiese liggaam laat groei wat dreig om die totale liggaam te besmet. Die feit dat SEB die skeidslyn tussen die private- en openbare sektore laat vervaag het, maak hierdie gevaar soveel groter.

'n Derde kapitalistiese formasie wat sedert 1994 in 'n groter mate tot die Suid-Afrikaanse ekonomie toegetree het, is die groot transnasionale korporasies (TNK) van globale kapitalisme. Die TNK tree meestal in vennootskap met plaaslike korporasies. Hulle speel 'n rigtinggewende rol in die ekonomie – soos ook in die ekonomie van ander lande in die Arm Suide.

Sedert die totstandkoming van neoliberale globalisering deur Pres. Reagan aan die begin van die 1980's – met sy deregulering en privatiseringsmaatreëls – het die TNK die "instrumente" geword waarmee die Amerikaans-geleide post-koloniale empire die Arm Suide plunder. Al die Noordelike lande erken die "onafhanklikheid" van die lande in die Suide en respekteer die "geslotenheid" van hulle staatkundige grense op voorwaarde dat hierdie lande hulle markte sal "oophou" sodat TNK na hartelus "in" en "uit" kan beweeg, ongeag die ontwrigting wat dit veroorsaak. Gevolglik het die meeste lande in die Suide bloot kwasi-state geword en is hulle deur "transnasionalisering" gereduseer tot neokoloniale satelliete van die Amerikaans-geleide empire.

'n Belangrike kenmerk van die TNK is dat hulle net geskoolde arbeid - wat relatief goedkoop is - in diens neem sodat hulle eenheidskoste so laag as moontlik kan wees. Gevolglik word sowat die helfte van die bevolking van die meeste lande in die Suide *sistemies* uitgesluit van deelname aan die transnasionale globale kapitalisme. Dit geld ook vir Suid-Afrika. Die vooruitsigte dat ons ons werkloosheid betekenisvol sal kan verminder is bitter skraal solank ons 'n satelliet van die Amerikaans-geleide empire bly.

Die vierde magsformasie wat in die "magspel" in die private en openbare sektore deelneem, is COSATU en die ander vakbonde. Die vakbonde wat in die Struggle ontstaan het, het naas hulle ekonomiese agenda ook 'n politieke agenda gehad. Hierdie tweede agenda is na 1994 behou. Gevolglik slaag hierdie vakbonde om vir hulleself loonsverhogings te beding wat aansienlik hoër as die inflasiekoers is, ongeag die hoë werkloosheid wat in Suid-Afrika bestaan.

Die wyse waarop al vier die magsformasies op die ekonomiese terrein die armes en die werklooses verwaarloos, is 'n groot bron van kommer.

*

Sedert 1994 beskik Suid-Afrika oor 'n sogenaamde demokratiese bestel. Die ANC het sedert 1994 in 4 verkiesings telkens meer as 60% van die stemme gekry. Ons moet ons nie hierdeur laat mislei nie. Die uitstaande kenmerk van ons sogenaamde demokrasie is die *ondemokratiese* karakter daarvan.

Jorge Nef en Bernd Reiter beweer in hulle boek, The Democratic Challenge (2009), dat alle lande in die wêreld – maar veral die lande in die Arm Suide – sedert 1980 'n onbetwyfelbare *dedemokratisering* ervaar vanweë die opkoms van transnasionale globalisering. Hulle beweer ook dat die armste 50% van die inwoners van lande in die Arm Suide – d.w.s. daardie deel wat sistemies uitgesluit word van deelname aan globale kapitalisme – in elk geval te arm is om op 'n betekenisvolle manier aan demokratiese prosesse deel te neem. Hulle is so arm dat hulle nie oefening kry in die maak van keuses tussen waardevolle alternatiewes nie. Hulle enigste keuse in hul lewe is beperk tot die stryd om oorlewing. (Die toelaes wat aan 14 miljoen armes gegee word, is lofwaardig, maar dit sal hulle nie uit die geweldige en ongesonde plakkerskampe laat uitstyg nie).

Die ANC-regering staan baie opvallend nie onder die dissipline van 'n demokratiese kieserskorps nie. Diegene wat dink dat die kieserskorps die ANC-elite sal dissiplineer tot verantwoordbaarheid, tot gedissiplineerdheid en tot 'n ware besorgheid met die AWO-probleem, kan maar daarvan vergeet.

Afgesien van die ondemokratiese karakter van ons politieke bestel, beskik die ANC-elite ook nie oor die *kapasiteit* nie en ook nie oor die *mag en/of soewereiniteit* om dit te doen wat hy behoort te doen om die slegterwordende AWO-probleem betekenisvol te versag en om die land doeltreffend te regeer nie.

Die ANC-regering beskik nie oor die nodige kapasiteit om na wense te regeer nie vanweë die feit dat bykans alle staatsdepartemente erg ondoeltreffend geword het nadat regstellende optrede in die openbare sektor hopeloos te hard gedryf is en baie staatsamptenare vandag te ongeskoold, te onervare, te korrup en te geldgierig blyk te wees. Dit geld ook vir 'n groot deel van die ANC se politieke elite.

Dit is wel waar dat apartheid te blameer is vir die burokratiese en die politieke elite se gebrek aan geskooldheid en ervaring, maar apartheid kan nie geblameer word vir die amptenary en die politieke elite se uitspattige lewensstandaarde wat uitgeleef word te midde (en ten spyte) van die onmenswaardige armoede waarmee byna 60% van die swart mense leef nie.

Die ANC beskik ook nie oor die mag om te doen wat by behoort te doen ten opsigte van die AWO-probleem nie, omdat hy magteloos staan teenoor die formidable mag en doeltreffendheid waaroor die drie kapitalistiese formasies gesamentlik beskik nie. Indien die ANC-regering die kapitalistiese formasies sou versoek om tog net uit hulle Eerste Wêreld "kokon" na die Derde Wêreld werklikheid van Suid-Afrika te beweeg, of om minder kapitaalinsentief te wees, of om meer sosiaal-demokraties gesind te raak, sal die drie kapitalistiese formasies hierdie versoeke met hofvaardige minagting verwerp. En as die ANC ter wille van die AWO-probleem 'n nuwe groeipad sou kies en afwyk van die voorskrifte van die Washington Konsensus, sal die globale TNK hom hardhandig tereg wys. Die soevereiniteit van al die kwasi-state in die Suide word erg beperk deur die Amerikaans-geleide empire.

Dit is jammer dat die kapitalistiese elite soveel mag het vis-à-vis die magteloosheid van die ANC-elite. Dit sou baie beteken het indien die ANC-regering die mag, die wil en die vermoë sou hê om as "*countervailing force*" op te tree teen die kapitalistiese formasies se geneigdheid tot ekologiese eksternaliteite, tot groeiende ongelykhede, tot ekonomiese onstabieleiteit en tot sosiale ontwinging.

Aldrie kapitalistiese formasies behoort hulle voortdurend aan selfkritiek te onderwerp. Hulle moet onthou dat die Groot Recessie in die Ryk Noorde toegeskryf word aan ruwe materialisme, hebsug, onverantwoordelike "*shorttermism*" en die roekelose spekulasies waaraan die kapitalistiese elite in die Ryk Noorde hom skuldig gemaak het. Geld dit ook vir die kapitalistiese elite in Suid-Afrika?

Dit is belangrik om te beseef dat die oordrewe mag waaroor die kapitalistiese formasies vis-à-vis die ANC-regering beskik, nie aan die bestaan van mededingende vrye-markte toegeskryf moet word nie, maar wel aan die oligopolistiese karakter van sowel die plaaslike as die globale kapitalisme.

Die ekonomiese historikus, Immanuel Wallerstein sê tereg dat sedert die wêreld oorbevolk geraak het met TNK, die groot korporasies nie meer streef na winste in mededingende markte nie, maar daarin slaag om met behulp van hulle oligopolistiese magstrukture sekuriteit te bekom en hulleself met "rentseeking" verryk, want hulle beskik oor genoeg mag om die aanbod en/of die vraag te manipuleer sodat hulle oligopolistiese winste baie groot is.

*

Ten spyte van al sy magteloosheid moet die mag waaroor die ANC-regering wel beskik, nie geringskat word nie. Die ANC-regering beskik oor die vermoë om belastinge te in en om staatsuitgawes te maak. Hierin skuil daar groot gevare. Die ANC-regering beskik oor die vermoë om die spreekwoordelike lakens uit te deel. Oor die afgelope 16 jaar het hy die reputasie verwerf dat hy die lakens uiters arbitrêr uitdeel.

Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat die ondemokratiese ANC-elite – soos ook in ander kwasi-lande in die Suide gebeur – nie die versoeking sal kan weerstaan om die staatskas te plunder nie. Alternatiewelik kan 'n hondegeveg oor die "goue been" in die staatskas ontstaan wat die ANC-alliansie in 'n veelvoud van faksies uitmekaar kan laat spat.